

<b>1</b>	GEBED
----------	-------

*Bid* vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

<b>2</b>	DEEL (20 minute) <span style="float: right;">[STILTETYE] LUKAS 15:1 – 18:17</span>
----------	--

**Maak beurte en vertel/deel (of lees )kortliks** wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (Lukas 15:1 – 18:17). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

<b>3</b>	MEMORISERING (5 minute) <span style="float: right;">[CHRISTELIKE HUWELIK] SPREUKE 3:3-4</span>
----------	--

**Repeteer** twee-twee.

(5) Bly getrou. Spreuke 3:3-4. “Moenie dat liefde en trou by jou ontbreek nie; leef daarmee saam, maak dit ’n deel van jou lewe. So sal jy guns verwerf en byval vind by God en mens.”

<b>4</b>	ONDERRIG (85 minute) <span style="float: right;">[KERK OPBOUENDE BEDIENING] OPLEIDING VAN CHRISTENE DEUR PERSOONLIKE HULP</span>
----------	--

**Inleiding.** Hierdie onderrig gaan oor die opleiding van nuwe Christene deur persoonlike aandag en hulp aan hulle te verleen. Dit is één manier waarop ’n ouer en meer volwasse Christen ’n jonger Christen kan help om te groei. Ouderlinge kan dit tydens huisbesoek gebruik.

#### A. DIE BELANGRIKHEID VAN PERSOONLIKE HULP

##### 1. Wat is persoonlike aandag (persoonlike hulp)?

In hierdie studie word ‘persoonlike hulp’ gedefinieer as hulp deur ’n ouer/ervare Christen (’n mentor of ’n raadgewer) aan ’n jonger/nuwer Christen. Die ouer Christen help die jonger/nuwer Christen om geestelik te groei en ’n dissipel van Jesus Christus te word. Hy ontvang hulp:

- wat pas by sy/haar behoeftes en persoonlikheid
- deur gebruik te maak van die Bybel
- en deur ’n persoonlike verhouding, christelike liefde en sorg.

##### 2. Voorbeelde van persoonlike hulp in die Bybel.

**Inleiding.** Hoewel die volgende voorbeelde uit die bediening van Jesus Christus kom, het Christus sy dissipels aangespoor om sy voorbeeld te volg. Die voorbeelde wil jou stimuleer om oor verskillende aspekte van persoonlike hulp na te dink.

(1) Gee persoonlike aandag om ’n persoon te help om in Jesus Christus te glo.

**Lees** Lukas 19:1-10.

**Ontdek en bespreek.** Wat het Jesus gedoen toe Hy by Saggeus kom?

**Aantekeninge.** Jesus Christus het na die wêreld toe gekom om mense te soek wat verlore is en hulle dan te red. Saggeus was so ’n verlore man. Maar Jesus Christus het hom gevind! Saggeus was ’n hoofollenaar. Hy was baie ryk omdat hy oneerlik was en baie hoër belasting geëis het as wat nodig was. Toe Jesus na sy dorp toe gekom het, wou Saggeus Jesus graag sien. Ons weet nie wat sy rede was nie. Miskien het hy ’n skuldige gewete gehad oor sy oneerlikheid. Tóg het Jesus wel geweet wat die rede was en *Hy het die inisiatief geneem om Saggeus in sy huis te ontmoet.*

Tydens hulle gesprek het Saggeus sy sonde teenoor Jesus bely en gesê: “Here, kyk, die helfte van my besittings gee ek vir die armes, en as ek iets van iemand afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug” (Multivertaling). Toe het Jesus hom gehelp om tot geloof in Hom te kom. Jesus het aan Sageus gesê: “Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom, ... Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is.” ’n Baie belangrike aspek van persoonlike hulp is om mense te help om die evangelie te verstaan en Jesus Christus as hulle Verlosser en Here aan te neem.

(2) Gee persoonlike aandag om 'n mens meer oor Jesus Christus te leer.

**Lees** Lukas 10:38-42; 2 Korintiërs 4:16-18.

**Ontdek en bespreek.** Wat dink jy is “die één ding” wat mense nodig het?

**Aantekeninge.** Die één ding wat alle mense nodig het, is om aan die voete van Jesus Christus te sit en van Hom te leer. Ons weet nie wat die persoonlike behoefte van Maria was nie en ook nie wat Jesus aan haar geleer het nie. Maar ons weet wel dat die persoonlike hulp wat Jesus aan haar gegee het wel 'n belangrike prioriteit was. Jesus het gesê dat die persoonlike hulp wat Maria verkies het, belangriker was as haar daaglikse werk in die huis. Dit was belangriker omdat Christene hulle oë nie moet vestig op dinge wat die mense sien nie (die tydelike dinge) nie, maar op die dinge wat die mens nie sien nie (die ewige dinge)! Dus, 'n ouer/ervare Christen ('n mentor) kan 'n jong/nuwe Christen uitnooi om gereeld (bv. een keer elke veertien dae) saam aan die voete van Jesus Christus te sit en van Hom te leer. Die onderrig van Jesus is opgeteken in die vier Evangelies: Matteus, Markus, Lukas en Johannes. 'n Baie belangrike aspek van persoonlike hulp is om saam die onderrig van Jesus Christus te bestudeer en te bespreek.

(3) Gee persoonlike aandag om 'n persoon te help om 'n gebroke verhouding te herstel.

**Lees** Johannes 13:37; 21:15-19.

**Ontdek en bespreek.** Wat het Jesus gedoen toe Hy by Simon Petrus by die See van Galilea gekom het?

**Aantekeninge.** Jesus Christus het die inisiatief geneem om Petrus persoonlik te nader en die gebroke verhouding tussen hulle te herstel. Vóórdat Jesus gekruisig is, het Petrus grootpraterig geroem dat hy Jesus sou volg selfs as Jesus vervolgd en gedood sou word. Hy het gesê: “Ek sal my lewe vir U aflê.” Maar toe Jesus gearresteer is, het Petrus saam met al die ander dissipels weggevlug. Tydens die verhoor van Jesus het Petrus Jesus drie keer verloën. Hy het gesê dat hy Jesus nie ken nie en ook nie een van sy dissipels was nie. Hierdie ontkenning het skeiding tussen Petrus en Jesus Christus gebring.

Ná sy opstanding uit die dood, het Jesus persoonlik met Petrus gepraat en gesê: “Petrus, het jy My baie lief?” Jesus het hierdie vraag drie keer aan Petrus gestel en drie keer het Hy aan Petrus dieselfde taak gegee, “Pas My skape op.” Jesus het geweet wat Petrus se werklike behoefte was. Petrus het Jesus verloën en nou het hy behoefte aan vergewing en herstel van sy verhouding met Jesus Christus. Jesus het die inisiatief geneem om Petrus te help. Hy het Petrus vergewe en hom herstel as dissipel en as apostel. + 'n Belangrike aspek van persoonlike hulp is om aandag te skenk aan 'n baie persoonlike behoefte van 'n mens.

### 3. Praktiese aspekte van persoonlike hulp.

(1) Verkondiging, tereg wysing en onderrig in persoonlike hulp.

**Lees** Kolossense 1:28-29.

**Ontdek en bespreek.** Waaruit het die persoonlike hulp van Paulus bestaan?

**Aantekeninge.** Paulus het gesê: “Hom verkondig ons, deurdat ons alle mense met alle moontlike wysheid onderrig en leer, sodat ons elke mens tot geestelike volwassenheid in Christus kan bring. Daarvoor span ek my ook in en beywer ek my met die krag wat Hy gee en wat kragtig in my werk.” Dit was die doel van Paulus met *elke mens* waarmee hy kontak gehad het. Die persoonlike hulp van Paulus het uit die volgende bestaan:

Paulus het Jesus Christus aan elke mens verkondig. Hy het openlik verkondig (Grieks: kataggelomai) dat Jesus Christus die Enigste Verlosser en die Enigste Here is! Wanneer 'n ouer/ervare Christen 'n jonger/nuwer/nuutbekeerde Christen help om geestelik te groei, moet hy Jesus Christus verkondig en niks of niemand anders behalwe Jesus Christus as die Bron van verlossing en volwassenheid, as die Middelaar van verlossing en volwassenheid en as die Doel van verlossing en volwassenheid (vergelyk Romeine 11:36). Bestudeer en bespreek elke onderwerp wat vir die jong/nuwe gelowige belangrik is, soos byvoorbeeld die invloed van filosofie op die menslike denke. Dit is nie menslike filosofie/wysbegeerte nie, maar die evangelie oor Jesus Christus wat mense verlos en laat groei tot volwassenheid en gelykvormigheid aan Christus (1 Korintiërs 1:20-25).

Paulus het elke mens tereg gewys. ‘Tereg wys’ (Grieks: noutheteó) beteken letterlik om die woorde van die Bybel in die denke van mense in te prent (in te graveer) d.m.v. *onderrig, vermaning (berisping), waarskuwing, aansporing en bemoediging*. Paulus het voorbeelde gegee van hoe hy mense tereg gewys het:

- In 2 Korintiërs 5:20 smeeek hy mense om met God versoen te word.
- In Handeling 20:31 hou hy vir drie jaar lank, dag en nag, nie op om elke mens, selfs met tranes die regte koers aan te wys nie.
- In 1 Tessalonisense 2:7,11-12 word sy persoonlike hulp mooi saamgevat: “Ons was liefdevol en sag teenoor julle soos 'n ma wat haar kinders vertroetel..... Net so weet julle ook hoe ons elkeen van julle behandel het: soos 'n pa sy kinders het ons julle elkeen bemoedig en aangespoor en dit op die hart gedruk om tot eer van God te lewe, Hy wat julle roep om in sy koninkryk in te gaan en so aan sy heerlikheid deel te hê.”

Paulus onderrig elke mens. ‘Onderrig’ (Grieks: didaskó) beteken om die waarhede in die Bybel uit te lê op 'n sistematiese en praktiese wyse. Daar is nie 'n groot verskil tussen:

- die onderrig van Paulus, d.w.s. sy dogmatiek, wat Christene moet glo
- en die tereg wysing van Paulus, d.w.s. sy etiek, hoe Christene moet lewe.

Paulus het onderrig gegee met die oog op tereg wysing en sy tereg wysing was gebaseer op sy onderrig.

Daarom het Paulus altyd Jesus Christus verkondig as:

- die *Verlosser* van sonde
- die *Here* wat gehoorsaam moet word
- die *Voorbeeld* wat gevolg moet word!

Nét vir die mense wat Jesus Christus aanneem as Verlosser en Here, kan Hy ook 'n Voorbeeld wees. As nie-Christene Jesus Christus net bewonder of erken as 'n goeie mens of as 'n profeet in hulle godsdiens, kan hulle nie verlos word van hulle verslawing aan die sonde nie en ontvang hulle ook nie die Heilige Gees wat hulle in staat kan stel om die voorbeeld van Jesus Christus na te volg nie.

(2) Die verband tussen onderrig en vermaning.

Paulus verbind altyd sy onderrig aan sy vermaning m.b.t. die persoon en werk van Jesus Christus.

**Ontdek en bespreek.** Wat onderrig Paulus en wat vermaan hy in die volgende Bybelgedeeltes?

- **Lees** Romeine 15:2-3. Paulus leer: “Christus het immers ook nie aan Homself gedink nie.”  
Daarom vermaan hy: “Elkeen van ons moet aan ons naaste dink en aan wat vir hom goed is en wat hom in die geloof kan opbou.”
- **Lees** Efesiërs 5:2. Hy onderrig: “Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad en om ons ontwil sy lewe as 'n offergawe gegee het, ja, 'n offer wat vir God aanneemlik was.”  
Daarom vermaan hy: “Wees dan navolgers van God soos geliefde kinders.”
- **Lees** Kolossense 3:13. Paulus onderrig: “Die Here het julle vergewe.”  
Daarom vermaan hy: “Vergewe mekaar as die een iets teen die ander het.”

Paulus verkondig, onderrig en vermaan mense “in alle wysheid”. ‘Wysheid’ beteken om gebruik te maak van die beste middele om die hoogste doelwitte te bereik. Dit beteken om die waarheid toe te pas op die regte oomblik en op die regte manier, aan die regte persoon en in die korrekte omstandighede.

(3) Die mekaar-verantwoordelikhede.

**Ontdek en bespreek.** Wat is die praktiese aspekte van persoonlike hulp wat elke Christen kan gee en behoort te gee?

**Lees** Galasiërs 6:2; 1 Tessalonisense 5:11; Hebreërs 10:25.

**Aantekeninge.** Die Nuwe Testament handel dikwels oor die ‘mekaar-verantwoordelikhede’: Byvoorbeeld:

- “dra mekaar se laste”
- “praat mekaar moed in”
- “spoor mekaar aan tot liefde en goeie werke”.

Hierdie mekaar-verantwoordelikhede behoort geestelik-volwasse/ervare Christene toe te pas in hulle persoonlike hulp aan jonger/nuwer Christene.

#### 4. Die doel van persoonlike hulp.

**Ontdek en bespreek.** Wat is die doel van persoonlike hulp?

**Lees** Kolossense 1:28-29; 1 Korintiërs 1:8-9; 3:5-7; Filippense 1:6.

**Aantekeninge.** Die doel van persoonlike hulp is om 'n jonger/nuwer Christen te help om 'n geestelik-volwasse Christen te word of te funksioneer in die Kerk/Gemeente van Jesus Christus. Dit is: “Hom (Jesus Christus) verkondig ons, terwyl ons elke mens vermaan en elke mens in alle wysheid onderrig, om elke mens volmaak (Grieks: teleios) in Christus Jesus voor te stel.” (AOV). Die woord ‘teleios’ kan verwys na ‘die einde’ m.b.t. die tyd of na ‘volmaak’ m.b.t. die graad/mate.

(1) Wat tyd betref, beteken die woord ‘teleios’ letterlik ‘tot die einde toe’.

In 1 Korintiërs 1:8 sê Paulus: “Dit is Hy wat julle ook end-uit sal laat vas staan”. God se werk in Christus sal voortgaan tot die einde toe, d.w.s. tot die wederkoms van Christus! God is getrou en Hy sal doen wat Hy beloop het!

(2) Wat die mate betref, beteken die woord ‘teleios’ ‘onberispelik, volledig, volwasse en volmaak’.

God se werk in 'n Christen maak hom geestelik volwasse, volledig en volmaak. Niemand kan hom op enige punt meer berispe nie. Persoonlike hulp verg baie tyd, energie en inspanning. Nietemin beloop God dat Hy in sy doel met ons sal slaag. Dit is 'n groot bemoediging vir Christene! Hoewel dit soms lyk of Christene nooit tot volwassenheid opgroei en onberispelik word nie, beloop God dat elke Christen by die wederkoms van Christus volledig, volwasse en onberispelik sal wees!

Die Christenarbeider het dieselfde doel as God. In 1 Korintiërs 3:6 sê Paulus: “Ek het geplant, Apollos het natgegooi, maar dit is God wat laat groei het.” God gebruik Christenarbeiders om nuwe Christene te help om geestelik te groei, maar dit bly nog altyd God wat die groei laat plaasvind en die groei beheer. In die illustrasie van 1 Korintiërs 3, het Paulus die evangelie aan die Korintiërs gebring en het Apollos hulle gehelp om dissipels van Christus te word. Maar alleen God maak hulle bedienings tot 'n werklikheid: Nét God laat hulle wedergebore word en maak hulle tot volwasse en funksionerende Christene! En God sal die goeie werk wat Hy in hulle begin het, voortsit en voltooi tot by die wederkoms van Christus (Filippense 1:6). Dan eers sal hulle heeltemal volwasse, volkome en volmaak wees!

## B. DE INHOUD VAN PERSOONLIKE HULP

**Inleiding.** As jy persoonlike hulp aan iemand wil gee, sou jy die volgende vyf praktiese stappe kan volg.

### Stap 1. Bid vir die jong Christen.

**Ontdek en bespreek.** As jy persoonlike hulp aan 'n jong Christen gee, wat sou jy “met hom” en “vir hom” kan bid?

- **Lees** Johannes 6:44. Dank God dat Hy hom na Christus toe getrek het en verlos het.
- **Lees** Kolossense 1:2-14. Dank God vir die vordering wat hy in sy geestelike groei al gemaak het. Dank God vir sy geloof, liefde en hoop. Dank God vir die Christen wat die evangelie aan hom vertel het en vir die Christen wat hom help om geestelik te groei. Jy sou die gebed van Paulus in Kolossense 1:9-12 vir hom kan bid: vir sy groei, sy lewe, sy verhoudings, en sy bediening in die gemeente. In hierdie gebed bid Paulus ook vir sy kennis, sy gedrag, sy groei en sy bediening.
- **Lees** Lukas 22:31-32. Net soos Jesus sou jy ook vir sy persoonlike behoeftes kan bid.
- **Lees** Matteüs 6:9-10. Bid dat hy God se wil vanuit die Bybel sal leer ken, dat hy sal toelaat dat Christus deur sy Gees in sy hart sal heers, en dat God in sy lewe verheerlik sal word. Vra jouself: “wat kan ek vir hom bid wat hom sal bemoedig?”

### Stap 2. Deel julle vordering met mekaar.

**Ontdek en bespreek.** As jy persoonlike hulp aan 'n jong Christen gee, wat kan julle dan aan mekaar vertel?

**Aantekeninge.** Deel julle vordering in jul Christen lewe met mekaar. Deel julle stryd en sorges met mekaar. Bemoedig mekaar. Die ouer Christen moet ook uit sy persoonlike lewe vertel sodat die jonger Christen sy voorbeeld kan volg.

- **Lees** 1 Timoteüs 4:15. Vertel aan mekaar wat julle doen om geestelik te groei. Byvoorbeeld, vertel wat jy in jou stiltetyd of Bybellees die afgelope week geleer het. Herhaal met mekaar 'n aantal Bybelse wat julle uit julle kop geleer het. Praat met mekaar oor julle familie, gesin, huweliksmaat, kinders en werk. Bespreek met mekaar die bediening waarin julle in die gemeente of in die koninkryk van God betrokke is.
- **Lees** Romeine 1:12 sê, “Word deur mekaar se geloof bemoedig.” Praat oor julle geloof. Byvoorbeeld, vertel oor 'n belofte in die Bybel wat jou bemoedig. Vertel wat God gedoen het om jou geloof aan te spoor. Vertel jou visie en planne vir die toekoms en hoe jy op God steun m.b.t. jou planne. Vra jouself, “Hoe kan ek sy geloof en sy vordering aanspoor?”

### Stap 3. Onderrig God se Woord.

**Ontdek en bespreek.** As jy persoonlike hulp aan 'n jong Christen gee, wat kan jy dan aan hom leer/onderrig?

- **Aantekeninge.** Leer hom om die Bybel/God se Woord te ken en te gebruik. Jesus sê in die Groot Opdrag, “Maak dissipels .... en leer hulle alles te onderhou wat Ek julle beveel het” (Matteus 28:19-20).
- **Lees** Filippense 4:9. Doen saam Bybelstudie oor 'n bepaalde onderwerp. Gebruik enige onderdeel van die dissipelskursus (bv. [www.dota.net](http://www.dota.net) in Afrikaans en Engels of [www.deltacursus.nl](http://www.deltacursus.nl) in Nederlands of [www.deltacourse.org](http://www.deltacourse.org) in Engels) om hom te onderrig en op te lei. Wat belangrik is, is dat julle mekaar aanspoor om die waarhede in die Bybel in julle persoonlike lewe toe te pas!
- **Lees** 2 Korintiërs 13:10. 'n Belangrike saak om te onthou is dat dit beter is om op sy sterk punte verder te bou dan op sy swak punte te konsentreer. Byvoorbeeld, as hy sterk is in Bybelstudie doen, maar swak is in Bybelse uit sy kop te leer, gee dan die meeste aandag aan Bybelstudie en bemoedig hom in elke vordering wat hy maak in Bybel memorisering. Kritiseer nie sy swak punte nie, omdat hy nog meer onseker sal word en bang sal word om foute te maak en te faal. Wees liever 'n bemoediger! Vra jouself, “Wat is sy sterk punte en hoe kan verder daarop bou? Hoe word ek 'n mens wat ander mense aanspoor?”

### Stap 4. Bespreek sy vrae.

**Ontdek en bespreek.** Hoe het Jesus Christus die vrae van sy dissipels beantwoord?

- **Lees** Matteus 19:3-6. Soms het Jesus Christus hulle vrae beantwoord deur die antwoorde wat in die Bybel staan aan te haal. Hy herinner hulle wat God gesê het en baseer sy antwoorde op wat in die Bybel geskryf staan.
- **Lees** Lukas 10:25-26. Ander kere het Jesus vrae beantwoord deur 'n weervraag te stel. Byvoorbeeld, “Wat staan in die Bybel hieroor geskrywe? Wat lees jy daar?” En as die regte antwoord gegee word, prys Hy hulle en spoor Hy hulle aan om dit dan ook in praktyk te bring!

As jy persoonlike hulp aan 'n jong Christen gee, gee hom dan die geleentheid om vrae te stel. Luister goed na sy vraag of sy probleem. Stel goeie vrae en gee hom 'n kans om heeltemal klaar te praat.

As jy advies aan hom gee, doen dan die volgende:

- Dis beter dat jy nie aan hom jou persoonlike antwoord (mening) gee nie, omdat dit nog nie sy persoonlike oortuiging of toepassing is nie.
- Dis veel beter dat jy hom help om self die antwoord uit die Bybel te ontdek en sy eie praktiese toepassing te maak. Jy mag wel bepaalde Bybelgedeeltes aandra waarin hy die antwoord kan ontdek. Wanneer 'n jong Christen self die waarheid in die Bybel ontdek en self 'n persoonlike toepassing maak, word dit eers sy persoonlike oortuiging. Hy sal nie gou vergeet wat God aan hom geleer het nie. Vra jouself, “Watter Bybelgedeelte sal hom help om 'n antwoord op sy vraag (of probleem) te vind?”

### Stap 5. Bid met mekaar.

Bid aan die einde met mekaar. Vra die jong Christen om eerste te bid en te reageer op wat hy daardie dag van God geleer het. Hy sal bid oor die dinge wat hy geleer het of wat baie vir hom beteken het. Sy gebed sal die ouer Christen help om te weet wat God besig is om in sy lewe te doen en ook hoe hy hom verder kan help.

As ouer Christen bid jy dan ook oor wat God besig is om in jou lewe te doen. Later kan julle ook vir ander mense saam bid, soos sy familie, vriende en kollegas sodat hulle ook eenmaal die waarheid mag hoor en gered sal word.

---

## C. PRAKTIESE SUGGESTIES VIR PERSOONLIKE HULP

### 1. Aan wie behoort jy persoonlike hulp te gee?

**Ontdek en bespreek.** Wie behoort persoonlike hulp te ontvang?

**Aantekeninge.** Omdat elke Christen arbeider beperk is, kan hy nie alle mense op 'n reëlmatige basis persoonlike hulp gee nie. Daarom moet 'n ouer of meer volwasse Christen persoonlike hulp gee aan één van die volgende mense:

(1) Aan mense met persoonlike probleme en vrae.

**Lees 1** Tessalonisense 5:14. “Wys die leeglêers onder julle tereg, praat die kleinmoediges moed in, help die swakkes, wees met almal geduldig.” Gee persoonlike aandag en hulp aan iemand met 'n persoonlike probleem of persoonlike vraag wat hy met jou wil bespreek.

(2) Aan mense wat van die samekomste van die gemeente af wegbly.

**Lees** Hebreërs 10:25. “Ons moenie van (letterlik) die onderlinge byeenkomste (ANV: van die samekomste van die gemeente) af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien naderkom.” 'n Ouer en meer volwasse Christen behoort persoonlike aandag en hulp te gee aan iemand wat van die christelike byeenkomste af wegbly, of wat hulp nodig het om Bybelstudie te doen.

(3) Aan mense wat betroubaar, beskikbaar en vatbaar vir onderrig is en ywerig is om opleiding te ontvang.

**Lees 2** Timoteüs 2:1-7. Paulus vermaan Timoteüs:

- om sterk te word in die genade van God wat in Christus Jesus is
- om wat hy van Paulus geleer het op sy beurt aan ander ywerige Christene deur te gee
- om as 'n goeie soldaat van Christus verdrukking te ly
- om as 'n rekrut sy bevelvoerder, Christus, te vrede te stel
- om as 'n atleet volgens die reëls aan 'n wedstryd mee te ding
- en as 'n boer die harde werk in God se koninkryk te doen.

Ouer en meer volwasse Christene moet juis persoonlike aandag en hulp gee aan mense wat betroubaar, beskikbaar en vatbaar vir onderrig is en ywerig is om opleiding te ontvang.

### 2. Wanneer sou jy persoonlike hulp kan gee?

**Onderrig.** Dit hang af van jou eie geestelike groei en volwassenheid, jou kapasiteit (bekwaamheid), beskikbaarheid en bereidheid om ander te onderrig en die roeping wat God aan jou gegee het.

Dit hang ook af van jou betrokkenheid in die lewe van die jong Christen. Byvoorbeeld, als jy die enige Christen is met wie hy kontak het, sou julle mekaar vir 1½ tot 2 ure kan ontmoet en bogenoemde vyf stappe volg.

Maar as die jong Christen die gereëde byeenkomste (erediens, huisgroep, dissipelskap groep) bywoon, kan julle 'n afspraak maak wanneer een van julle dit nodig ag.

### 3. Hoe behoort jy persoonlike hulp te gee?

**Lees** Matteus 20:25-28; Lukas 22:24-27; Hebreërs 10:24-25.

**Ontdek en bespreek.** Hoe behoort jy persoonlike hulp te gee?

**Aantekeninge.** Jesus Christus leer dat 'n Christen nie die baas mag speel oor 'n ander Christen nie. Alhoewel dit wel onder nie-Christene gebeur, mag dit nie onder Christene gebeur nie. Hy mag geen bevel aan die jong Christen gee nie, maar wel onderrig, vermaning (waarskuwing) en teregwyding. Hy mag die ander een nie dwing om bepaalde dinge te doen nie, maar wel hom motiveer, aanspoor en bemoedig. “Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde (in verhoudings) en goeie dae (in die bediening).” Persoonlike hulp moet gegee word in 'n atmosfeer van mekaar bemoedig en opbou!

<b>5</b>	GEBED (8 minute)	<i>[REAKSIES]</i> GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD
----------	------------------	--

*Bid saam* met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

*Deel* die voorbereiding vir die volgende keer op 'n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die studie oor “Opleiding van Christene deur persoonlike aandag” saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit Lukas 18:18 – 21:38. Maak gebruik van die verkose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserings. Herhaal elke dag die vyf Bybelverse van die reeks G: “Die Christelike huwelik”.
  - (1) Verlaat en heg. Genesis 2:24
  - (2) Liefhê en lei. Efesiërs 5:23, 25
  - (3) Liefhê en onderwerp. Titus 2:4-5
  - (4) Konflikhantering. Matteus 5:23-24
  - (5) Bly getrou. Spreuke 3:3-4
5. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. Johannes 13. Gebruik die vyf stappe metode.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memoriserings, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.